
GELOOF In Die Woord



FAITH In The Word

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

Die Huweliksverbond

Die Woord van God, die Bybel, gee baie definitiewe riglyne vir die huwelik en die opvoeding van die gesin. Enige huwelik en gesin, kan slegs SUKSESVOL wees as die standaarde van die Bybel volgehou word. Hierdie standaarde is definitief nie die riglyne wat op televisie, in tydskrifte, films of deur die gemeenskap in die algemeen uitgebeeld word nie. Dit is omdat mense geneig is om hul lewens en huwelike volgens die wêreld se waardes en beginsels in te rig, dat so baie egskeidings elke jaar plaasvind, en baie huise vernietig en harte gebreek word. Die OORSPRONG van alle verval en vernietiging is Satan, want hy is daarop uit om dit wat God goed gemaak het, dit sluit die huwelik in, te vernietig en te verwoes **(Joh.10:10).**

In ‘n Christen huwelik sluit die man en vrou ‘n Verbond met mekaar, wat ‘n baie ernstige transaksie is. ‘n Verbond is eintlik baie meer as net ‘n transaksie, omdat ‘n verbintenis en bepaalde vereistes van albei partye verwag word, dit geld ook vir die *huweliks* verbond.

Dit is interessant om daarop te let dat in Bybelse dae, veral gedurende die Ou Testamentiese tyd, verbonde ‘n algemene gebruik was en die drie elemente wat daarby betrokke was, was bloed, beloftes en ‘n seël.

1.Bloed. Die twee partye het hulle polse gesny en dit teen mekaar gedruk, of hul bloed in ‘n beker laat meng, en dan het altwee daarvan gedrink.

2.Beloftes. Albei partye het plegtige beloftes teenoor mekaar gemaak.

3.Seëls of tekens is tussen die twee partye uitgeruil.

Bekende verbonds voorbeelde in die Ou Testament was die tussen God en Noag **(Gen.7:1, en Gen.9:11-16)**, God en Abraham **(Gen.17**) en God en die kinders van Israel **(Ex.13:11-16).**

Die belangrikste verbond wat elke mens kan kies om aan te gaan, is die Nuwe Verbond. Dit is moontlik gemaak toe Jesus, Seun van God, Sy Heilige Bloed gestort het en ewige lewe belowe het, deur die Nuwe Geboorte, aan elkeen wat Hom as persoonlike Verlosser en Here ontvang. ‘n Nuwe, beter Verbond, gegrond op beter beloftes **(Heb.7:22, Heb.8:6 en Gal.4:4-7)**, is ingestel met die eerste Heilige Nagmaal volgens **1Kor.11.** Ons boekie DIE NAGMAAL EN GENESING deel ten volle met hierdie onderwerp, asook die voordele daarvan.

In hierdie Verbond wat God met die mens gesluit het, sodat ons met Hom versoen kon raak as ons Hemelse Vader, vind ons die drie vereistes vir ‘n verbond.

1. Die Bloed van Jesus Christus.
2. God se wonderlike beloftes in Sy Woord (God het reeds Sy deel van die verbond nagekom en nou, in Sy oneindige groot genade, help Hy ons om ons deel na te kom).
3. Die seël of teken is die Nagmaalsbeker. **“Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe Testament in my Bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis” (1kor.11:25).**

Die God wat ons dien, is die God wat ‘n verbond aangaan. Dit was altyd Sy doel om Sy mense nader aan Homself te trek en Hy poog om dit te doen deur verbonde met hulle te sluit. Ons sien dit veral in die gevalle van Abraham en Moses.

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Die Huweliksverbond)

Verbond sluiting is vir God 'n ernstige saak en Hy kom Sy beloftes, aangaande die verbond na. God kan nie Sy Woord breek nie en Hy is altyd getrou. Wanneer dit by die Nuwe Verbond kom, waarin Hy belowe om Sy Wette in die harte van mans en vrouens te skryf wat die volkome offer van Jesus, Sy enigste Seun, aan die kruis aangeneem het, is Hy getrou om ons van al die voordele, wat saam met die Verbond gaan, te voorsien. *Hy* is *getrou*, maar ongelukkig kan dit nie altyd van die mens gesê word nie! Hy het aan ons hierdie illustrasie gegee, sodat ons die belangrikheid van *getrouheid* kan verstaan deur die verbond sluiting – en die huwelik is 'n verbond!

In die huwelik word daar beloftes voor God en teenoor mekaar gemaak. Dit is 'n ernstige saak en mag nie *ligtelik* opgeneem word nie. In die huwelik sluit die man en vrou 'n verbond met mekaar. Die huweliks verbond sluit ook bloed, beloftes en 'n seël in:

1. Bloed in die volvoering van die huwelik deur omgang.
2. Beloftes. Beide partye maak plegtige beloftes.
3. Seëls word verwissel, gewoonlik in die vorm van trouringe.

Volgens **Efs.5:25,26 en 30,** is Christus en die Kerk (wat bestaan uit alle toegewyde, wedergebore Christene) een. En so is 'n man en vrou ook op dieselfde manier een. Die Kerk is van Christus se vlees en van Sy been. Eva is van Adam se vlees, en van sy been.

Aan die begin het God gesê: "Ek sal Adam en Eva een vlees maak" Hy het selfs van Adam se ribbebeen geneem en Eva daaruit gemaak. **Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees(Gen.2:24).** Juis hierom het Jesus gesê: **"sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees. Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie(Matt.19:6).**

"Die huwelik van een man en een vrou verenig hulle, sodat hulle twee een vlees word."

Jesus het twee keer hierdie uitdrukking gebruik: **'hulle twee sal een vlees wees' (Mat.19:5-6).** Een vlees.

Die uitdrukking aankleef wat Hy gebruik, dui die intiemste en sterkste verbintenis aan. Die oorspronklike woord kom van die woord gom en beteken om vas te kleef/klou, sodat niks hulle kan skei nie. Man en vrou was twee, maar is deur die Heilige Gees verenig, sodat hulle een vlees geword het.

Jesus se antwoord, op die Fariseërs se slinkse vraag in verband met die huwelik en egskeiding, was dat aangesien twee so intiem verbind is asof hulle een is, en aangesien God in die begin net een vrou vir een man gemaak het, dit dus beteken dat hulle nie kan skei, sonder die vergunning van God nie. 'n Man kan nie sy vrou vir net enige rede skei nie. Om een vlees te verdeel, of om twee wat verenig was te skei, is om 'n lewende organisme te vernietig. Die woord wat Jesus in die Engelse vertaling gebruik het nl. 'asunder' (in stukke) is uiters veelseggend. Ons lees in **Heb.11:37** dat van die vroeë Christene in stukke gesaag is (sawn asunder), en dit is die soort moord wat vandag so algemeen is. Die howe saag, baie maklik en vinnig, hulle wat in God se oë een is, in stukke, en vermoor so die gesinslewe van ons land. **'Dat alles wat God doen, vir ewig sal bestaan.' (Pred.3:14).**

Verder is die nietigverklaring van die huweliks verbond vreemd aan die lering van Jesus, waar Hy sê dat die huwelik een man en een vrou nouer aanmekaar verbind in 'n verhouding, as dié tussen 'n ouer en kind**. 'Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees.' (Mat.19:5).** Hierdie aanhaling van Jesus uit **Gen.2:24** beteken slegs een ding, naamlik, dat wanneer 'n man 'n vrou vat, hy vaster aan haar verbind is, as aan sy vader of moeder. Volgens Jesus is die huweliks verbond die teerste en beminlikste van alle menslike verhoudings, selfs teerder as die band wat ons aan 'n ouer bind.

Paulus illustreer hierdie verbonds verhouding aan die Efesiërs: **Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het (Ef.5:25).**

Hier kry ons dus, vanuit God se hart, opdrag aan die man! **Ef.5:29** voeg by dat die man sy vrou moet liefhê soos hy homself lief het en hy moet haar VOED en KOESTER. Die Afr. verklarende woordeboek gee die volgende verduideliking van *koester:* verwarm, troetel, liefderyk verpleeg, lewendig hou. Mag ek byvoeg dat hierdie *lewendig hou* is beslis ook van toepassing op sy vrou se geestelike lewe: die eggenoot is verantwoordelik dat sy vrou *geestelik lewendig bly.* Hy is die *geestelike* hoof van die huis. Let daarop dat die Here nie beveel, dat die man sy vrou moet liefhê net wanneer hy dink sy dit waardig is nie! Die man moet sy vrou te alle tye liefhê, voed en koester, omdat hy in 'n verbondsverhouding met haar staan. Ons lees in **Ef.5** dat die vrou egter ook 'n plig teenoor die man het. Wanneer 'n Christen egpaar hulle verbond met God en met mekaar gestand doen, kan hulle verwag dat God hulle kinders ook sal seën, want deur hulle toewyding aan God en aan mekaar KIES HULLE LEWE VIR HULLE KINDERS.

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Die Huweliksverbond…..)

Deut.30:19: Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. KIES dan die lewe, dat jy kan LEWE, jy en JOU NAGESLAG.

Deur nie altyd die 'Lewe' te kies nie, en daardeur ongehoorsaam te wees aan God se Woord, sal 'n verbreking in dié verbondsverhouding (huwelik) plaasvind, en dikwels sal die "dood" van egskeiding opdoem. Daar staan in die Bybel dat God egskeiding haat, onthou, wat God saamgevoeg het, mag niemand skei. Jesus Christus Self erken dat Moses egskeidings briewe gegee het, maar het bygevoeg dat Moses egskeiding slegs toegelaat het WEENS DIE HARDHEID VAN DIE MENSE SE HARTE **(Matt.19:7,8).** Egskeiding was nooit deel van God se oorspronklike plan vir 'n man en vrou nie, dit is teen Sy wil, en daarom HAAT Hy egskeiding **(Matt. 19:6, 9).** Die huwelik tussen 'n man en 'n vrou word in die Bybel vergelyk met die verhouding tussen die Here Jesus Christus en Sy Kerk, en daarom is 'n skeiding in beide gevalle uiters pynlik vir God **(1Kor.7:10,11)**

Om 'Lewe' te kies, is eenvoudig om te alle tye gehoorsaam te wees aan God se Woord en daardeur word nie net ons huwelik geseën nie, maar ook die lewens van ons kinders.

Kom ons kyk net na twee of drie van die wonderlike beloftes wat die Here vir die kinders gee van diegene wat Hom van harte dien. **En al jou kinders sal deur die Here geleer wees, en die vrede van jou kinders sal groot wees. (Jes.54:13)**

Wat My aangaan, dit is my verbond met hulle, sê die Here: My Gees wat op jou is, en my woorde wat Ek in jou mond gelê het, sal uit jou mond nie wyk nie, en ook nie uit die mond van jou kroos en uit die mond van die kroos van jou kroos, sê die Here, van nou af tot en ewigheid nie(Jes.59:21.)

Die geslag van die opregtes sal geseën word (Ps.112:2). Nog 'n interessante uitvloeisel van die huweliksverbond word in **1Kor.7** oor gepraat en Paulus is die een wat die vrae van die Korinthiërs oor die huwelik beantwoord. Let op **vers 14: Want die ongelowige man is geheilig deur die vrou, en die ongelowige vrou is geheilig deur die man; want anders sou julle kinders onrein wees, maar nou is hulle heilig.**

Met ander woorde as die een huwelksmaat 'n gelowige is, is die hele huisgesin onder die beskerming van die Here (die geredde huweliksmaat is die helfte van EEN VLEES). Alhoewel die een huweliksmaat nog ongered mag wees, kan hy die seën van die verbondsverhouding geniet wat die geredde een met God het, hy is egter nie *verlos* nie. Die Bybel sê uitdruklik, dat geen mens die Koninkryk van God gaan sien indien hy nie wedergebore is nie! **(Joh.3)** Niemand kan op sterkte van 'n ander persoon se geloof of regverdigheid die Ewige Lewe beërwe nie. Jy moet SELF glo met JOU HART en bely met JOU MOND dat Jesus Christus Here is, en dat God Hom uit die dode opgewek het **(Rom.10:9 en 10).**

Jou ongeredde huweliksmaat kan dus die seën geniet wat die Here op julle huwelik en gesin uitstort ter wille van jou geloof, maar hy sal beslis nie die Ewige Lewe beërwe nie, tensy hyself tot bekering kom nie. Selfs jou kinders sal ook by 'n punt moet kom waar hulle gered sal kan word. Daar bestaan geen Skrif om die mensgemaakte lering te ondersteun, dat kinders van gelowige ouers outomaties opgeneem is in 'n verbond met God en dat hulle saligheid gewaarborg is nie. Deel van hierdie leuen is die "besprinkeling van babas" (hulle noem dit "doop"- wat dit beslis nie is nie) wat die seël of teken van hierdie verbond is. Dit is heeltemal onbybels.

Dit is moeilik om die presiese ouderdom te bepaal, wanneer 'n kind verantwoordelik is vir sy besluite aangaande die Here. Ons weet dat kinders, op 'n baie vroeë ouderdom kan kies om aan hul ouers gehoorsaam of ongehoorsaam te wees. Wanneer 'n kind 'n besluit moet neem oor enige belangrike saak, sal dit afhang van sy BEGRIP van dit wat van hom gevra word. Ons weet van kinders wat op vyfjarige ouderdom 'n keuse gemaak het om Jesus in hul harte te nooi, dit bly egter die ouers se plig om die geestelike groei in dié kind te koester en aan te moedig, net soos julle na sy fisiese ontwikkeling sal omsien. Daar is beweer dat die mees geskikte ouderdom sewe jaar is. Alle kinders word egter deur hul geredde ouers geestelik beskerm totdat hulle die Here persoonlik as Verlosser aanneem, of totdat hulle trou of volwassenheid bereik.

Die Here belowe egter vir die gelowige ouer dat sy huisgesin gered sal word, as hy net onwrikbaar glo.

Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin (Hand.16:31).

Die Bruid van Christus maak haarself, in hierdie laaste dae, reg vir die spoedig verwagte koms van Haar Bruidegom, Jesus, om Haar te kom haal. Om hierdie rede en die dringendheid van die tye waarin ons lewe, weet Satan dat sy tyd kort is en sy versterkte aanvalle is op die gesin, veral die hoof van die huis, die man.

Hy behaal 'n groot oorwinning indien hy kan veroorsaak dat 'n gesin verbrokkel, want baie lewens word nadelig beïnvloed en dit veroorsaak

(Vervolg of Bl. 4)

skade aan die naam van die Here en God, ons Hemelse Vader. Ons kan egter juig in die wete, dat God aan ons die kennis gegee het, om die liste en aanvalle van die bose een te weerstaan. Hy het aan ons Sy Woord en Heilige Gees gegee, asook die kennis van die oorwinning van Jesus Christus ons Verlosser en Here, deur Sy dood aan die kruis op Golgota, oor Satan. **Kol.2:15** verklaar: **"nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het."** (Die Kruis)

Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is(1Joh.4:4).

Hoe word 'n huisgesin gevorm?

Soos 'n fisiese huis nie per toeval saamgestel word nie, maar volgens 'n plan, net so is dieselfde van 'n gesin waar. 'n Huis moet 'n goeie, sterk fondasie hê. 'n Gesin moet 'n deur God vasgestelde bestuur hê. Hierdie orde is God se struktuur vir die gesin.

(Ps.127:1; Spr.14:1; Matt.7:24-27; Efs.6:1-4; 1Pet.2:9-10; Ps.68:6)

Wat is God se orde vir die gesin?

Christus is die Hoof van die man en die man is die hoof van die vrou.

(1Kor.11:3; Kol.1:18; Efs.5:23-25)

Wat word bedoel met gesagsorde?

God is die Hoof oor alles. Daar is drie afdelings onder God se Hoofskap: Christus is die Hoof van die Kerk, onder wie die ouderlinge (kerk leiers) val. Die man is die hoof van die vrou en van die gesin. Heersers is hoofde van volke en nasies.

(Heb.13:17; Efs.6:1-2; Efs.5:23; Rom13:1-4)

Beteken hierdie gesag of hoofskap meerderwaardigheid?

Beslis nie. Hier volg 'n lys van dinge wat gesag NIE IS NIE:

Dit is nie Diktatorskap nie. Dit is nie Ongelykheid van mans, vroue en kinders nie. Dit is nie minderwaardigheid van die vrou nie.

Dit is nie Meerderwaardigheid van die man nie. God se gesagsorde is ontwerp om Goddelike Orde voort te bring.

Wat is die verantwoordelikheid van die man as hoof van die gesin?

Hy moet erken en bely dat Jesus Christus, oor elke gebied van sy lewe, HERE is. Hy moet die feit aanvaar dat God hierdie gesag aan hom toevertrou het, en dat hy op sy beurt weer, onderworpe is aan gesag. 'n Eggenoot kan slegs sy gesag en hoofskap beoefen indien hy self onder God se gesag en Hoofskap staan. Dit is die Bybel se grondslag.

Dit is interessant om daarop te let dat sy nie van sy voet gemaak is, om vertrap te word nie; of van sy kop, sodat hy haar kan domineer nie; maar sy is uit sy ribbebeen gemaak, sy sy, naby sy hart, sodat hy haar kan liefhê en hulle in gemeenskap met mekaar en met hul Skepper kan wandel.

'n Man moet erken dat hy en sy vrou "een vlees" geword het, en daarom moet hy sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. Baie huwelike het al by hierdie punt skeefgeloop as gevolg van die sterk band, wat tussen 'n moeder en seun bestaan. Hy moet op sy hoede wees hiervoor. Hy moet erken dat hy en sy vrou EEN is net soos Christus en Sy Kerk, die Liggaam van Christus, EEN is. Hy moet sy vrou LIEFHÊ, net soos Christus Sy Kerk, Sy Bruid lief het.

Hy moet die karakter en aard van hierdie liefde, nl. Agapè liefde, verstaan en dat dit 'n keuse is. Hy moet sy vrou liefhê soos hy homself lief het. Hy moet in 'n sekere sin sy lewe vir sy vrou aflê soos Christus Sy Lewe vir die Kerk afgelê het.

Hy moet sy vrou KOESTER, dit beteken dat hy na haar fisiese en geestelike welstand moet omsien. Hy moet haar BEMIN, wat beteken dat hy haar, as God se goeie geskenk aan hom, soos 'n skat moet bewaar. Sy moet emosioneel, so wel as geestelik en fisies gekoester(opgepas) word.

(1Kor.11:3; Gen.2:18; Gen.2:22-25; Matt.19:4-6; Efs.5:25; 1Kor.13; Efs.5:25-31)

Wat is die vrou se verantwoordelikheid?

Die man en vrou is as persone mekaar se gelyke, maar nie wat verantwoordelikheid aanbetref nie. Sy moet haar verantwoordelikheid met die regte gesindheid aanvaar. Die vrou is nie minderwaardig teenoor die man nie en hoef dus nie met hom mee te ding nie. Man en vrou is mekaar se gelyke in belangrikheid, maar nie in posisie nie. Sy moet 'n onderdanige gees hê. Dit is interessant om op die betekenis van die Hebreeuse woord vir "onderdanig" te let, dit is "om onder die beskerming van iemand te wees".

Sy moet respek hê vir haar man en vir sy besluite. Haar onderdanigheid moet wees soos vir die Here in geloof en in gehoorsaamheid, met vreugde in die wete dat God in beheer is.

Sy moet haar man eer as haar hoof en beskerming. Haar strewe moet wees na 'n rustige sagmoedige gees. Sy moet erken dat man en vrou saam erfgename is van God se genade. Sy moet betroubaar en lojaal wees. Die vrou vul die man aan. Sy is sy hulp, 'n bron van aanmoediging, 'n troos en 'n vriend. Sy moet gasvry wees. Sy moet 'n tuisteskepper wees, dit sluit ordentlikheid, netheid en hartlikheid in. Sy is die "hart" van die gesin, terwyl sy toelaat dat haar man die "hoof" is.

(Efs.5:22; 1Pet.3:1-7; 1Tim.3:11; Gen.2:18; Heb.13:1-2; Spr.31:10-31)

Wat is die Bybel se sienswyse van kinders?

Kinders is 'n ERFENIS en 'n geskenk van God.

Kinders is soos pyle in die hand van 'n magtige man, skerp, doelgerig, 'n dryfkrag. Kinders is 'n seën, 'n gawe en 'n beloning van die Here. Kinders is die kroon en trots van hul voorgeslag. Een van die groot voorregte wat God aan die mens gegee het, is die vermoë om kinders na sy eie soort en beeld voort te bring. Kinders word op 'n wonderlike wyse geskep.

(Ps.127:3-5; Ps.128:3-4; Spr.17:6)

Wat is die ouers se verantwoordelikheid teenoor die kinders?

Die beste geskenk wat 'n vader aan sy kinders kan gee is om hulle moeder lief te hê. Babas moet aan ons Hemelse Vader toegewy word in die Naam van Jesus, uit dankbaarheid vir hul geboorte. Hebreeuse kinders was aan die Here toegewy in die Tempel as klein babatjies, en weer op twaalfjarige ouderdom, wanneer dit vir hulle moontlik was om hul eie besluite te neem aangaande hul voortgesette wandel met God. Dit is die ouers se verantwoordelikheid om die kinders, van 'n baie jong ouderdom af, God se Woord te leer; onthou die onderrig deur Sondagskool onderwysers is 'n toegif. Kinders moet tereggewys word wanneer dit nodig is. Gekheid, dwaasheid en ongehoorsaamheid kom by die jeug voor, maar wanneer opstandigheid ongehinderd gelaat word by 'n kind, sal dit nie net homself vernietig nie, maar sal twis veroorsaak asook vernedering en skande oor die gesin bring. Kinders moet opgelei en geleer word in die weë van die Here, volgens Sy Woord. Definisie van OPLEI: Om 'n karakter te vorm deur dissipline te beoefen en voorbereiding deur herhalings onderrig.

Andrew Murray het die volgende geskryf:

Opleiding is meer as net onderrig. Deur 'n kind te leer, sal hy weet wat om te doen, maar om 'n kind op te lei, beïnvloed jy hom en maak jy seker dat hy dit doen. Onderrig het betrekking op die VERSTAND. Opleiding het betrekking op die WIL. Voorkoming is beter as genesing. Ware opleiding is nie om toesig te hou en foute reg te stel nie, maar om so toesig te hou dat foute voorkom kan word. Die hoogste doel met ware dissipline moet wees om 'n kind so te LEI dat hy besef hy kan gehoorsaam wees en reg optree en geluk vind deur dit te doen. Gewoontes moet beginsels vooraf gaan. 'n Kind se liggaam ontwikkel gedurende sy eerste jare vinniger as sy verstand. Gewoontes, meer as bevele, berei die weg vir gehoorsaamheid voor. Emosies speel 'n belangrike rol. Die vroeë lewensjare van 'n kind word gekenmerk deur lewendige emosies en groot ontvanklikheid van indrukke. Die ouer moet hierdie tyd gebruik om die kind se emosies so te ontwikkel dat dit gunstig ingestel is teenoor heilsame en Goddelike dinge. DIE MAG VAN EFFEKTIEWE OPVOEDING LÊ NIE IN WAT DIE OUER SÊ OF LEER NIE, MAAR IN WAT HY IS EN DOEN. Ons kan nie idees by ons kinders inprent as ons nie self daarna strewe nie, of standaarde aan hulle stel wat ons as ouers nie kan na kom nie!!

Slegs wanneer ons doen wat ons sê, is ons in 'n posisie om andere te leer hoe om te lewe. Liefde wat aantrek is kragtiger as die wet wat eise stel. Liefde soek nooit sy eie voordeel nie, en dit is soos ouerliefde behoort te wees. Hierdie liefde, geïnspireer deur Goddelike Liefde, oefen 'n geweldige invloed uit op die gesin en is die geheime bestanddeel van suksesvolle dissipline. Kinders moet aan hulle ouers gehoorsaam wees in die Here en in alle dinge. Hulle moet hul ouers eer. Ouers, onthou egter, dat kinders nie uitgelok of geterg moet word nie, maar moet opgevoed word in die vrese van die Here.

(Matt.19:13-15; Mark.10:13-16; Luk.2:21-24,41-52; Deut.6:6-7; Spr.22:15; Spr.23:13-14; Spr.14:3; Spr.13:10; Spr.29:23; Spr.11:2; Spr.29:15; Spr.20:11; Efs.6:1-4; Kol.3:20-21)

UIT DIE SKATKIS VAN DIE HERE

Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin (Joh. 16:33).

Jesus gee hier vir ons twee realiteite. Hy sê dis nie "as of miskien" dat ons versdrukking in hierdie wêreld sal hê nie. Hy verklaar dat dit 'n werklikheid is. Ek is seker dat ons almal kan getuig van baie probleme wat ons in die lewe ondervind het!

Kan ons almal egter getuig van die feit dat ons vrede ten spyte van probleme het? Die Here sê dat daar slegs een plek is waar ons hierdie vrede kan vind, en dit is IN Hom.

Liewe vriende, ons moet vas geanker wees in Jesus om vrede te hê. Waar of na wie kyk ons wanneer ons uitdagings het? Soek ons ontvlugting, of hoop om die vrede in ander te kry, selfs mede-Christene? Probeer ons om die probleme op te los deur rond te hardloop, gryp na wat ook al ons dink die dinge sal oplos?

Daar is niks verkeerd mee om na sekere oplossings te soek nie, maar ons vrede en rus is in Christus alleen. Hardloop na Hom. Gryp Hom vas en wag op Hom. Hy belowe om ons onder die skaduwee van Sy vlerk te verskuil totdat die storms verby is, Hy rig ons voetstappe en is ons totale genoegsame, maar ons moet eers in Hom wees!

Hy sê dat Hy die wêreld oorwin het, wat beteken dat wanneer Christus in ons woon deur Sy kosbare Heilige Gees, ons ook kan en wil oorwin deur Hom. Laat los, plaas die self en al ons laste aan Sy voete neer en sien die wonderwerk van Sy versekerde beloftes voor ons ontvou!

It isn't your position that makes you happy or unhappy, it's your disposition.

But godliness with contentment is great gain. For we brought nothing into this world, and it is ertain we can carry nothing out. 1Timothy 6:6,7

The circumstances of our lives are not always of our own choosing, and one circumstance which often comes unexpectedly is becoming single again through the death of a marriage partner. It could be that a divorce has brought you to the place where you are once more alone. Perhaps you have chosen to be single because you have just not found the right marriage-partner. Whatever your situation is, YOU are still a very important member of the community, and as a born-again Child of God, also of the Body of Christ. One thing is certain and that is that God loves you and has a special plan for your life. If you have lost a loved one, be encouraged to know that this is not the end, but a new beginning with new direction, challenges and joys. You may not feel as though you can face the future right now, but your Heavenly Father will give you His vision and strength for the days that lie ahead. Trust Him and seek His will for you. He will be your comforter, provider and friend.

We read in Isaiah 54:5: **For thy Maker is thine husband; the Lord of hosts is His name; and thy Redeemer the Holy One of Israel; The God of the whole earth shall He be called. For the Lord hath called thee as a woman forsaken and grieved in spirit, and a wife of youth, when thou wast refused, saith thy God.**

This scripture is not only applicable to women. God promises us in His Word that if we seek first His kingdom and His righteousness all the things that we need in this life will be added unto us. Matthew 6:33

He assures us that He clothes the lily in the field and feeds the birds of the air and as we are much more precious than these, He will surely take care of us in the same way. We need to trust Him and have faith in His ability to keep His promises. He says that He knows what we have need of long before we ask, but He wants us to ask Him, to fellowship with Him and to live for Him.

Our whole longing must be, "Lord, I want to please You, You are my everything." He will supply in all our need according to His riches in glory by Christ Jesus. Philipians 4:19

The key to peace, joy and fulfilment does not lie in your marital status, your professional success nor your financial prosperity, but in YOUR RELATIONSHIP WITH GOD!

1 Cor 7:32-34 **But I would have you without carefulness. He that is unmarried careth for the things that belong to the Lord, how he may please the Lord.**

But he that is married careth for the things that are of the world, how he may please his wife ..... The unmarried woman careth for the things of the Lord, that she may be holy both in body and in spirit: but she that is married careth for the things of the world, how she may please her husband.

The Lord is saying here that the single woman has more time than the married woman to spend with the "things" of the Lord. This is wonderful, but it involves spending time with Him in order to hear clearly what specific "things" He has in mind for you. He will show you His plan and purpose and impart His vision to you. It is an exciting adventure to be about the Lord's business every day!

READ AND STUDY HIS WORD: He reveals Himself to us through His Word - His Word is a series of personal letters written to His beloved: YOU and ME!

PRAY: Communicatein childlike faith with your Heavenly Father. Pour out your heart to Him, cry before Him, especially if you are single because of a divorce or death. Talk to your Heavenly Father and should you think that you are praying against the ceiling, recognise the voice of the enemy lying to you. Resist him and drive him away with the Sword of the Spirit, the Word of God (James 4:7 and Eph 6:17)

The Lord says **that whosoever shall call on the name of the Lord shall be saved** (Acts 2:21) God hears you when you pray to Him.

Take your problems and burdens to the Lord and leave them there. You may have had the attitude of thinking that nothing can touch you, but deep down

you know that that's not true. We are all human, and the only place we can safely be defused and restored is at the feet of our Heavenly Father. **He loves you**, **He understands you!** If you are honest, open and childlike in His presence, you will be filled with His peace and joy and every day YOU WILL overcome more and more until you know how to enter His Rest.

Loneliness can be a problem for a single person, especially in the elderly. Become involved with other people, as this greatly alleviates loneliness. We have all had experiences with the single person who complains all the time, offloading problems and being a drain. They can become a burden to their fellow men because they have not learnt to be interested in their surroundings and community or to accept new challenges to be helpful and become involved. They are dull where they could be stimulating and interesting, people whom others enjoy having around. Remember self-pity is our biggest enemy!

It is important to remember that God's Word proclaims THAT WHAT YOU SOW, SO SHALL YOU REAP. What you PUT INTO LIFE, you will GET OUR OF IT. TO RECEIVE FRIENDSHIP, YOU MUST GIVE FRIENDSHIP. TO RECEIVE LOVE, GIVE LOVE! Start to invest **yourself** into other people: cast your bread on the water! Ask God for His vision for you, because His Word says without a vision people perish.

I like to use my dear old mother-in-law as an example. She lived with us for more than twenty years and went to be with the Lord in her ninety first year. There were days when she did not feel too well and age had affected her body in many ways, but she was still an inspiration to everybody with whom she was in contact, whether it was the young teacher at children's church or an up-country visitor, or me. She chatted and encouraged, participated in all the activities at the Centre, and sorted the incoming mail daily until two weeks before she went to be with the Lord. She interceded into all hours of the night on our behalf and prayed for many people to be saved and healed!

We count it a real privilege to have had her in our home and thank God for the blessing she was to all of us. It is according to God's instructions that we should care for our parents when they are old. I realise that old age homes serve a good purpose, but if it is possible, it is much better to care for and enjoy our parents in our homes. Much, of course, depends on their attitude and co-operation. What does the Word of God say about this?

But if any widow has children or grandchildren, let them first learn to show piety at home, and to repay their parents, for this is good and acceptable before the Lord.

But if any one does not provide for his own, and especially for those of his house hold, he has denied the faith, and is worse than an unbeliever. (1 Tim 5:4 and 8)

As I see it, the way in which I can *repay my parents* for all the years of caring and encouragement which they provided for me, is by making them feel welcome in our home, because it is at home where we, as a family, can care for them and enrich and motivate their lives. The parent must of course show consideration and be sensitive to the needs of the different members in the family, thereby helping to build and not break down relationships. I believe many seniors have much to offer and can have input into the lives of others if they desire to do so.

Should you be a retired parent or a single person, do not fall prey to depression, loneliness, self-pity, unforgiveness or bitterness, ask the Lord for wisdom and become a channel of blessings to other people.

If you have found yourself in your situation due to the ill-treatment or rejection of others, it is most essential that you forgive them and ask the Lord to forgive them too. In this way you release yourself from the tormentor and God is able to work in your situation and richly bless you. Remember, when you forgive others, you do not do **them** a favour, you do **yourself** a favour!

The following two verses from Jeremiah 17 give an excellent description of what a Child of God should be, especially a senior person:

Blessed is the man that trusteth in the Lord and whose hope the Lord is. For he shall be as a tree planted by the waters, and that spreadeth out her roots by the river, and shall not see when heat cometh, but her leaf shall be green; and shall not be careful in the year of drought neither shall cease from yielding fruit.

If you are a single person in the Lord, you have a lot of living and giving to do. A lot of sowing and a great harvest to reap - all for God's glory and your fulfilment.

UIT ONS KANTOOR

Geliefdes,

Ek het die HERE gesoek, en Hy het my geantwoord en my uit al my vrees gered (Ps.34:4).

Jesus het vir ons die volgende gesê: :

Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing(2Tim. 1:7).

Aan ons is gegee (verlede tyd). Die oomblik wat ons Hom aangeneem het, Sy Heerskappy oor ons lewens aanvaar het soos ons aan Hom oorgegee het, woon Hy in ons deur Sy Heilige Gees en alles wat ons nodig het om as oud gevangenes te lewe is ons s'n om te geniet!

Ons kan nie 'n gevoel van oorwinningskrag opwek nie, maar soos die vers in Psalms duidelik verklaar, draai ons na Hom en vra Hom om met ons angs en vrese te deel, terwyl ons glo wanneer ons dit doen, dat Hy sal verlos want "Verlosser" is een van Sy titels!

'n Oud gevangene, alhoewel hy vrygelaat is, by magte is om dieselfde voordele van vryheid te geniet as 'n normale burger, sal 'n geestelike gevangene bly as hy of sy nie hul nuwe status aanvaar nie.

Op dieselfde manier, moet ons die eindelose genade wat aan ons gegee is vasgryp, vra, glo en daarom die bevryding van vrees ontvang.

Jesus het 365 keer in die Bybel gesê : "Moenie vrees nie", een herinnering per dag! Ons deel is net soos Dawid getuig het, om Hom te soek en te vra vir bevryding. Glo en ontvang!

Ons wil julle weereens aanmoedig om in die tye waarin ons leef, steeds onwrikbaar vas te hou aan Jesus en die Woord. Wees verseker van ons gebede en liefde vir elkeen van julle. Baie dankie vir jul gebede, aanmoediging en bydraes om die Woord te versprei, ons waardeer dit baie.

Liefde groete

Meg en die Gebedspan

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

"DIE FEESTYE VAN DIE HERE"

Boek 51 teen R20.00



Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos. Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens.

Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.